Rapporteerbaar:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:
Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saak No: 15/2008**

**Landdroshofsaakno: B09/2008**
**Datum gelewer: 28/0 3/2008**
**In die saak tussen:**

**SectionI.1Die Staat**

en

**SectionI.2**
**SectionI.3David Brown**
**SectionI.4**
**SectionI.5Coram: Lacock R et Olivier R**

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**Olivier R:**

1. Die beskuldigde in hierdie aangeleentheid is skuldig bevind aan ‘n oortreding van artikel 122(1)(a) van die Padverkeerswet, 29 van 1989. Hy is gevonnis tot ‘n boete van R3 000,00 of 12 maande gevangenisstraf, waarvan die helfte voorwaardelik opgeskort is vir ‘n periode van 3 jaar.

2. Die saak dien nou op outomatiese hersiening. Die beskuldigde het skuldig gepleit en die ondervraging en skuldigbevinding blyk in orde te wees.

3. Wat die vonnis betref, is dit net die bewoording van die opskortingsvoorwaarde wat oorweging verdien. Dit lui dat *“die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan oortreding artikel 122(1)(a) Wet 29/1989*

*of enige gelykluidende bepaling van enige ander wet gepleeg gedurende die tyd van opskorting nie"*.

4. Die oortreding is in Maart 1997 gepleeg, toe die voormelde Wet nog gegeld het. Die betrokke bepalings van daardie Wet is egter gedurende 2000 herroep deur die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 93 van 1996, waarvan artikel 65(1)(a) gelykluidende bepalings aan dié van artikel 122(1)(a) van die vorige Wet bevat. Die verhoor van hierdie aangeleentheid het egter, om die een of ander rede wat nie uit die oorkonde blyk nie, eers op 7 Januarie 2008 geskied.

5. Omdat die onderhawige oortreding gepleeg is op 'n stadium toe die vorige Wet nog van toepassing was, was dit in orde om die beskuldigde aan te kla en skuldig te bevind aan 'n oortreding van die herroepe bepalings van die Padverkeerswet (sien **artikel 12** van die **Interpretasiewet, 33 van 1957**).

6. Dit kom my egter sinneloos voor om nou na die herroepe bepalings te verwys in 'n opskortingsvoorwaarde. Die feit is dat, indien 'n oortreding nou gepleeg sou word, die beskuldigde in elk geval nie aan 'n oortreding van die herroepe bepalings skuldig bevind sou kon word nie, omdat dit reeds herroep is en nie van toepassing sou kon wees op 'n oortreding wat gepleeg is nadat dit herroep is nie.

7. Dit is duidelik wat die landdros probeer bereik het met die gedeelte van die opskortingsvoorwaarde wat verwys na "*gelykluidende*" bepalings van ander wetgewing, maar ek meen dat die opskortingsvoorwaarde eenvoudig moes verwys het na die bepalings van artikel 65(1)(a) van die Nasionale Padverkeerswet. Daar is geen suggestie dat hierdie bepalings binne die volgende drie jaar herroep gaan word nie.

8. Die vonnis is origens in orde. Dit sou na my oordeel 'n onnodige vermorsing van tyd wees om die saak na die landdros terug te verwys hieroor en gevolglik word die volgende bevele hierin gemaak:

**1. Die skuldigbevinding word bekragtig.**

**2. Die vonnis word gewysig om soos volg te lees:**

"R3 000,00 (Drie Duisend Rand) of 12 (Twaalf) maande gevangenisstraf, waarvan die helfte opgeskort word vir 3 (Drie) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 65(1)(a) van die Nasionale Padverkeerswet, 93 van 1996, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting, nie".

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam.

**H J LACOCK**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**